

WATERBEWUSTHEID (C)

Graad 7



A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Met 'n elementêre kennis van die ekostelsels om ons varswaterbronne toe te rus.
2. Te lei om 'n liefde vir ons varswaterbronne te ontwikkel.
3. Te lei tot die besef van die waarde van ons varswaterbronne.

B VEREISTES

Die spesialisasie moet verkieslik by 'n dam aangebied word.

Elke Penkop en Drawwertjie moet saam met sy span:

1. Kennis maak met water:
 - 'n Lys maak van ons waterbronne en gee 'n kort beskrywing van elkeen.
 - **drie** Warmwaterbronne.
 - **drie** Groot damme
 - **drie** Groot bekende riviere
 - Dui bogenoemde op 'n kaart aan.
2. 'n Waterervaring beleef:
 - 'n Skuiling langs die water bou.
 - Minstens **een** nag in die skuiling oornag.
 - Die Suiderkruis in die sterreheemel soek en daarmee rigting bepaal.
 - **Een** manier aanleer om water vir menslike gebruik in die veld te suiwer.
3. Ten opsigte van waterplante en -diere:

Die volgende identifiseer:

 - minstens **twee** plante **by** die water
 - minstens **twee** diere **by** die water
 - minstens **twee** plante **in** die water
 - minstens **twee** diere **in** die water.
 - minstens **drie** voëls wat by binnelandse water voorkom.
4. Vasstel watter plante en/of diere indringers is wat die ekologie bedreig.
5. 'n Lys maak van die voëls wat by die dam opgemerk word.
6. Die gevare by water in die volgende gevalle kan identifiseer en in staat wees om te kan optree indien nodig:
 - Onverantwoordelike waterspele.
 - Voorwerpe in en om die dam wat beserings kan veroorsaak.
 - Onveilige swemplekke.
 - Besoedelde water en die oorsaak daarvan.
7. Ten opsigte van paraatheid by die water:
 - Kennis opdoen van dryfhulpmiddels en die gebruik daarvan.
 - Die korrekte kleredrag en toerusting vir 'n dag op die water bepaal.
 - Kennis maak met maniere om sonbrand te voorkom sowel as maniere om dit te behandel.

- Minstens **een** lewensreddingstegniek bemeester.
 - Weet wanneer en waar bilharzia voorkom, wat dit is en watter gevaar dit vir die mens inhou.
8. Stel vas watter bewaringsaksie hul toespits op die bewaring van ons binnelandse water.
 9. Bou 'n skaalmodel van 'n bootjie of 'n vlot.
 10. Leer minstens **drie** liedjies aan wat oor water handel.
 11. Soek 'n Bybelverhaal waarin van varswater damme of mere vertel word.
 12. Skryf **vyf** spreekwoorde of idiome neer wat oor water handel.

C AANBIEDING

1. Teken of kopieer 'n kaart (A4) vul daarop in wat gevra word. Sit die naam van die dorp wat naby elkeen van die bronne, damme en riviere is, by. Dit maak dit net makliker om te onthou waar elkeen is. 'n Foto of prent van die verskillende plekke sal ook bydra tot die "onthou". 'n Kort beskrywing van elkeen sal ook nuttig wees. Byvoorbeeld: Die Gariep dam is naby Colesberg. Dit was eers die H F Verwoerddam. Die dam is gebou in die Oranjerivier. Die dam voorsien, deur middel van kanale, 'n groot deel van die land van water.
2. Opdragte duidelik
3. Opdragte duidelik
4. Die gevare by water moet duidelik uitgewys word sodat die kind werklik versigtiger sal wees.
5. Gebruik die dryfhulpmiddels wat beskikbaar is. Kennis van ander kan opgedoen word deur prente of video's. Dra die kennis ook oor deur middel van gesprekvoering.
6. Bekom inligting oor die aksies, hul name, spesifieke take en doelwitte.
7. Konsentreer hier op gehalte en bruikbaarheid.
8. Vereistes 8 tot 12 is duidelik en die offisier kan leiding gee met die uitvoer van die opdragte.